# 13 Desember 2023 - Lesing 200 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die Goddelike Gebooie van Liefde **–** Die Ware Kerk van Christus - 30/5/61

**NO: 7905** Waar ookal die **evangelie van liefde** verkondig word, daar is ook die gees uit My werksaam, vooropgestel die mond nie net dooie woorde uitspoeg wat sonder gees en lewe is nie - dat die prediker slegs dooie letters gebruik waarvan sy hart niks vanaf weet nie.

Maar sodra die evangelie **lewendig** verkondig word, is dit **Ek Self** wat deur die mond van die prediker spreek en dan sal die woord nie versuim om indruk te maak nie. Dit sal weer **die harte aanraak van die luisteraars** wat ook lewend is en verlang om deur My Self aangespreek te word. **Waar liefde geleer word, daar kan Ek – die Liefde self - ook inmeng**. En waar die liefde geleer word, daar werk My arbeiders ook in die wingerd om die harte van mense te bewerk en om hulle van **goddelike saad** te voorsien.

**Want die gebooie van die liefde is deur My self gegee**. Dit is die belangrikste gebooie, waarvan die vervulling ongekende seëninge oplewer. Waar liefde onderrig word, word die eerste poging aangewend om 'n lewende geloof te verkry wat die nakoming van daardie gebooie vooropstel. **En daar waar 'n lewende geloof is, daar is My kerk wat Ek Self op aarde gestig het.** En so behoort alle mense wat in die liefde en die geloof staan aan hierdie kerk.

Jy sal dus nooit hoef te vra watter geloofsgemeenskap of geestelike rigting die regte een is nie, want daar kan na almal verwys word as lede van My ware kerk, want oral is mense wat in liefde leef en daardeur tot 'n lewende geloof gekom het. En hulle sal weer hulle gees in hulleself tot lewe laat wek en sal ook insig hê. En dit is die teken dat hy aan My kerk behoort, **dat My Gees in hom sal werk.** Dat daar in hom 'n helder lig sal straal, dat hulle **in staat sal wees om die suiwer waarheid te herken** en daarom ook die dwaling sal verwerp.

Dat hulle ook seker sal wees van hul oordeel, omdat My Gees hulle sal onderrig en daardie helder lig vir hulle sal aansteek. En so sal ware **volgelinge van die waarheid** uit elke geloofsgemeenskap of geestelike rigting tevoorskyn kom. En diegene wat dieselfde sienings het, sal mekaar ontmoet.

En hulle sal bly wees wanneer hulle mekaar ontmoet, wanneer hulle bymekaar kom en My Self te midde van hulle gewaarword, soos wat Ek beloof het. Want hulle sal My teenwoordigheid aanvoel, **omdat Ek Myself uitdruk deur die gees van diegene wat van My getuig**, wat saamkom om gedagtes te wissel. Hulle is dus lewend in die geloof en ook lewend in hulle optrede.

Want sodra hulle My eenmaal herken het, wat My Gees in hulle tot stand bring, sal hulle ook ywerig vir My opkom. Hulle oorwegend geestelik georiënteerde lewe sal duidelik sigbaar word en sal die medemens aanmoedig om die ware lewe te soek, wat egter slegs **deur 'n lewe van liefde tot volle wasdom kan kom**.

**Die Liefde is alles**. Sonder liefde is elke geestelike organisasie slegs 'n **dooie struktuur**, **want die lede bepaal die lewe daarvan.** Hulle moet die liefde beoefen. Hulle moet die goddelike gebooie van die liefde nakom. Eers dan sal hulle tot lewe kom en hierdie lewe ewig nooit weer verloor nie.

Daarom moet elke mens altyd net probeer om die graad van sy liefde te verhoog. Hy moet nie tevrede wees met uiterlike optrede en vervulling van menslik verordende gebooie nie, **hy moet net ag slaan op My goddelike gebooie van die liefde**. Hy moet daaraan dink dat Ek eerste hierdie twee gebooie van liefde vir God en naaste gegee het toe Ek op aarde gewandel het. En hy moet weet dat uit die vervulling van hierdie gebooie alles anders sal kom:

**'n Lewende geloof, 'n diep geestelike kennis, 'n verligte denke en die toevoer van goddelike krag om die lewensweg op aarde suksesvol te voltooi**.

Want die doel is vereniging met My, **totale aaneensluiting,** wat egter slegs die liefde kan bewerkstellig. **Want Ek Self is die Liefde en wie ookal met My wil verenig, moet volkome tot liefde gevorm word.**

Dit is so eenvoudig en verstaanbaar dat die eerste ding om te doen is om in liefde te lewe, dat die gebooie van die liefde werklik die belangrikste genoem kan word en dat My kerk daarom uitsluitlik gebou is op liefde en die geloof wat deur liefde lewend gemaak word. Doen dus altyd net jou bes om in liefde te lewe en weet **dat Ek oral teenwoordig is waar My Evangelie van die liefde verkondig word**. Amein.

***Levitikus 19:18*** *Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor* ***die kinders van jou volk*** *wees nie, maar jy moet* ***jou naaste*** *liefhê soos jouself. Ek - JaHWeH.*